**27 Junie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 4:1-14**
**Fokusgedeelte: Handelinge 4:14, 15**

## Getuig dat daar net deur die opstanding van Jesus Christus lewe is

Teen die getuienis van ’n mens staan ’n ander mens magteloos. Jy kan nog teoreties met iemand redeneer oor sy standpunt, maar wanneer ’n persoon getuig van iets wat hy glo en daar boonop nog konkrete getuienis is dat dit wat die persoon sê, waar is, is jy magteloos.
So vind ons die raadslede van die Joodse Raad eintlik sonder raad. Hulle het geweet dat Petrus en Johannes ongeleerde en eenvoudige mense was. Tog getuig hulle met soveel vrymoedigheid voor hulle dat nie weet wat om te doen nie.
Hulle getuienis behels dat die opstanding uit die dood deur Jesus se opstanding ’n werklikheid geword het. Die kern van alles wat hier gebeur, draai rondom die getuienis dat Jesus Christus vir mense verlossing bring. Daar is geen ander Naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie.
Boonop is dit is nie maar leë woorde nie. Die woorde word bevestig deur konkrete getuienis.
Dit het tot gevolg dat mense wat die boodskap gehoor het, tot geloof gekom het. Die getal van die gelowiges het nou reeds aangegroei tot omtrent vyfduisend (vs. 4).
Hierby is daar nog die getuienis van die verlamde man wat die vorige dag in die Naam van Jesus Christus van Nasaret gesond gemaak is (Hand. 3:6).
Ons moet met dieselfde vrymoedigheid vandag nog getuig dat Jesus Christus die Verlosser vir die mens is. Dit maak nie saak hoe eenvoudig en ongeleerd, of hoe ontwikkeld en geleerd jy is nie. Die boodskap en die getuienis dat Jesus Christus uit die dood opgewek is, is wat mense oortuig.
As jy dit glo, moet jy dit met oortuiging getuig. Dit is nie maar net jou eie ervaring nie, dit is op sigself waar.

*Sing: Skrifberyming 3-4:1, 2, 3*

*Ds. HS Coetzee (Potchefstroom-Noord)*